Woensdag 19 Augustus

Skrifgedeelte: Handelinge 14:21-28 (AFR83/AFR2020)

Fokusgedeelte: Handelinge 14:22

Volhard geduldig in geloof

Om in die koninkryk van God in te gaan, is alles behalwe ’n gemaklike uitstappie. Hoe moeilik dit regtig is, sien ’n mens onder andere in die apostel Paulus se ervaring. In die vorige verse van hierdie hoofstuk word vertel hoe hy kort tevore in die stad Listra gestenig en vir dood buite die stad gegooi is (vs 19, 20). Die Here het egter sy lewe wonderbaarlik gespaar en die volgende dag kon hy reeds weer na Derbe vertrek om die evangelie verder te verkondig.

Vers 22 sê dat Paulus en Barnabas die dissipels op hulle verdere reis geestelik versterk en hulle aangemoedig het om in die geloof te volhard, want, sê hulle: *“Ons moet deur baie ontberings heen in die koninkryk van God ingaan.”*

Ons wat in die Here Jesus as ons enigste Verlosser en Saligmaker glo, pla die goddeloses rondom ons. Enersyds omdat ons nie saam met hulle die paaie van verderf bewandel nie, en andersyds omdat ons die lig van die evangelie uitstraal. Ons staan in hulle pad. Daarom word getroue en toegewyde Christene gedurig uitgestoot en vervolg.

Om deur hierdie wêreld getrou en doelgerig op die pad van die koninkryk te loop, verg geestelike krag en volharding in die geloof. Ons kry daagliks met die aanslae van die vyand te doen. Dit is juis in hierdie omstandighede waar ons mekaar so nodig het. Kyk na Paulus en Barnabas. Hulle het dit hulle taak gemaak om die gelowiges te ondersteun. *“Hulle het die dissipels geestelik versterk en hulle aangemoedig om in die geloof te volhard”* (vs 22) en: *“Hulle het in elke gemeente vir hulle ouderlinge aangestel, en nadat hulle gebid en gevas het, hulle opgedra aan die Here in wie hulle nou geglo het”* (vs 23).

Hoe benut ons die geleenthede wat binne ons gemeente bestaan om juis geestelik versterk te word? Ons kan slegs volhard as ons geestelik sterk staan.

*Sing: Skrifberyming 15-1:1-4*

*Dr. DJ (Danie) de Kock (Emeritus)*